aspen HOLDINGS

Aspen Pharmacare Holdings Beperk ("Aspen")
(Registrasienommer 1985/002935/06)
Aandeelkode: APN ISIN: ZAE000066692

Wesensverdienste
↑ 39%
R1,9 miljard

Wesensverdienste per aandeel
↑ 24%
482,9 sent

Bedryfskontantvloei per aandeel
↑ 40%
505,7 sent

Kapitaal uitkering per aandeel hervat
70 sent

Nagegane voorlopige Groep finansiële resultate vir die jaar geëindig 30 Junie 2010

Groepstaat van omvattende inkomste

		% ver-andering	Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm	Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE				
Inkomste		20	**10 146,6**	8 441,4
Koste van verkope			**(5 542,3)**	(4 564,1)
Bruto wins		19	**4 604,3**	3 877,3
Verkoops- en verspreidingskoste			**(1 189,4)**	(997,7)
Administratiewe uitgawes			**(736,0)**	(587,5)
Ander bedryfsinkomste			**179,9**	3,6
Ander bedryfsuitgawes			**(243,9)**	(121,0)
Bedryfswins	B#	20	**2 614,9**	2 174,7
Beleggingsinkomste	C#		**187,9**	224,2
Netto finansieringskoste	D#		**(558,3)**	(699,2)
			2 244,5	1 699,7
Aandeel van na-belasting netto verliese van geassosieerdes			**(1,7)**	(3,3)
Wins voor belasting		32	**2 242,8**	1 696,4
Belasting			**(467,5)**	(358,9)
Wins na belasting vanuit voortgesette bedrywighede		33	**1 775,3**	1 337,5
BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE				
Wins vir die jaar van beëindigde bedrywighede	E#		**203,2**	16,1
Wins vir die jaar		46	**1 978,5**	1 353,6
ANDER OMVATTENDE INKOMSTE				
Bedrae erken in ekwiteit as gevolg van verskansingsrekeningkunde van rentekoers ruilings			**—**	(126,5)
Gerealiseerde kontantvloeiskanse			**(4,8)**	6,5
Valuta-omrekeningsverskille			**(25,1)**	(399,9)
Verkryging van bykomende 1% aandeelhouding in PharmaLatina Holdings Ltd			**—**	4,8
Verkoop van Onco Therapies Ltd			**0,8**	—
Totale omvattende inkomste			**1 949,4**	838,5
Wins vir die jaar toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy		48	**1 989,6**	1 340,4
Nie-beherende belang			**(11,1)**	13,2
		46	**1 978,5**	1 353,6
Totale omvattende inkomste vir die jaar toeskryfbaar aan:				
Ekwiteitshouers van die houermaatskappy			**1 969,3**	824,1
Nie-beherende belang			**(19,9)**	14,4
			1 949,4	838,5
Geweegde gemiddelde getal uitgereikte aandele ('000)			**401 987**	357 860
BASIESE VERDIENSTE PER AANDEEL (SENT)				
Van voortgesette bedrywighede		20	**444,4**	370,1
Van beëindigde bedrywighede			**50,5**	4,5
		32	**494,9**	374,6
VERWATERDE VERDIENSTE PER AANDEEL (SENT)				
Van voortgesette bedrywighede		19	**427,0**	358,7
Van beëindigde bedrywighede			**47,7**	4,2
		31	**474,7**	362,9

#Verwys na notas in Aanvullende inligting.

Wesensverdienste

	% ver-andering	Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm	Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE			
Wins toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die houermaatskappy		**1 989,6**	1 340,4
Aangepas vir:			
Voortgesette bedrywighede			
– Verlies met die verkoop van ontasbare bates (na belasting)		**2,5**	3,8
– Netto waardedaling van ontasbare bates (na belasting)		**68,4**	24,9
– Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting (na belasting)		**25,3**	—
– Waardedaling van uitgestelde ontvangbares (na belasting)		**17,1**	—
– Versekeringsvergoeding – kapitale komponent		**(27,7)**	—
– Kapitaalwinsbelasting op die oordrag van intellektuele eiendomsregte		**20,7**	—
Beëindigde bedrywighede			
– Wins met die verkoop van Onco Therapies Ltd (na belasting)		**(154,7)**	—
– Verlies met die verkoop van Astrix Laboratories Ltd (na belasting)		**—**	24,1
– Verlies met die verkoop van eiendom, aanleg en toerusting (na belasting)		**—**	0,3
Wesensverdienste	39	**1 941,2**	1 393,5
WESENSVERDIENSTE			
Van voortgesette bedrywighede	40	**1 892,7**	1 353,0
Van beëindigde bedrywighede		**48,5**	40,5
	39	**1 941,2**	1 393,5
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL – BASIES (SENT)			
Van voortgesette bedrywighede	25	**470,8**	378,1
Van beëindigde bedrywighede		**12,1**	11,3
	24	**482,9**	389,4
WESENSVERDIENSTE PER AANDEEL – VERWATERD (SENT)			
Van voortgesette bedrywighede	23	**452,0**	366,1
Van beëindigde bedrywighede		**11,4**	10,6
	23	**463,4**	376,7

KAPITAAL UITKERING

Kapitaal uitkering (sent)	**70,0**	—

Die kapitaal uitkering verwys na die uitkering wat verklaar is na jaar einde. In ooreenstemming met IAS 10, *Gebeure na Balansstaatdatum*, reflekteer die finansiële state nie die uitkering nie. Die kapitaal uitkering sal verantwoord word in die finansiële state vir die jaar eindigend 30 Junie 2011.

Groepstaat van finansiële posisie

		Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm	Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting		**3 012,4**	2 373,5
Klandisiewaarde		**456,1**	398,4
Ontasbare bates	F#	**8 609,9**	4 103,6
Langtermyn finansiële bates		**34,4**	27,7
Uitgestelde belastingbates		**65,5**	17,8
Totale nie-bedryfsbates		**12 178,3**	6 921,0
Bedryfsbates			
Voorraad		**2 041,4**	1 434,6
Ontvangbares, vooruitbetalings en ander bedryfsbates		**2 359,5**	2 100,9
Bates gehou vir verkoop		**260,1**	—
Kontant beperk vir gebruik		**21,8**	—
Kontant en kontantekwivalente		**2 939,8**	2 065,3
Totale bedryfsbates		**7 622,6**	5 600,8
Totale bates		**19 800,9**	12 521,8
AANDEELHOUERSEKWITEIT			
Aandelekapitaal en aandelepremie (insluitend tesourie-aandele)		**5 089,0**	509,8
Reserwes		**5 580,0**	3 515,3
Gewone aandeelhouersekwiteit		**10 669,0**	4 025,1
Ekwiteitskomponent van voorkeuraandele		**162,0**	162,0
Nie-beherende belang		**55,2**	75,9
Totale aandeelhouersekwiteit		**10 886,2**	4 263,0
LASTE			
Nie-bedryfslaste			
Voorkeuraandele – aanspreeklikheidskomponent		**386,6**	392,2
Lenings		**2 260,2**	3 433,8
Aftree-voordeel verpligtinge		**15,4**	9,4
Vooruitontvangde inkomste		**159,4**	—
Uitgestelde belastinglaste		**263,2**	203,0
Totale nie-bedryfslaste		**3 084,8**	4 038,4
Bedryfslaste			
Handels- en ander betaalbares		**1 913,9**	1 300,2
Lenings		**3 720,8**	2 670,3*
Afgeleide finansiële instrumente		**143,2**	178,4
Ander bedryfslaste		**52,0**	71,5
Totale bedryfslaste		**5 829,9**	4 220,4
Totale laste		**8 914,7**	8 258,8
Totale ekwiteit en laste		**19 800,9**	12 521,8
Getal uitgereikte aandele (na aftrekking van tesourie-aandele) ('000)		**431 407**	360 666
Netto batewaarde per aandeel (sent)		**2 473,1**	1 116,0

**Bankoortrekkings is ingesluit as deel van lenings onder bedryfslaste.*

Segmentontleding

	Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm	% van totaal	Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm	% van totaal	% ver-andering
INKOMSTE VANUIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE					
Suid-Afrika	**5 652,1**	**53**	4 309,1	51	31
Sub-Sahara Afrika#	**910,0**	**9**	931,2	11	(2)
Internasionaal	**4 053,3**	**38**	3 201,1	38	27
Totale bruto inkomste	**10 615,4**	**100**	8 441,4	100	26
Aanpassing*	**(468,8)**		—		
Totale inkomste	**10 146,6**		8 441,4		20
BEDRYFSWINS VOOR AMORTISASIE, VERKOPE EN WAARDEDALING VAN ONTASBARE BATES VANUIT VOORTGESETTE BEDRYWIGHEDE					
Suid-Afrika	**1 632,2**	**58**	1 102,0	48	48
Bedryfswins	**1 587,9**		1 045,1		52
Amortisasie van ontasbare bates	**45,3**		37,8		
Versekeringsvergoeding – kapitale komponent	**(38,5)**		—		
Waardedaling van bates	**37,5**		19,1		
Sub-Sahara Afrika	**72,3**	**3**	178,4	8	(59)
Bedryfswins	**66,4**		173,2		(62)
Amortisasie van ontasbare bates	**4,2**		5,2		
Waardedaling van bates	**1,7**		—		
Internasionaal	**1 114,0**	**39**	1 014,1	44	10
Bedryfswins	**960,6**		956,4		
Amortisasie van ontasbare bates	**52,4**		52,0		
Waardedaling van bates	**101,0**		5,7		
	2 818,5	**100**	2 294,5	100	23
OPENBAARMAKING VAN ENTITEITE – INKOMSTE					
Ontleding van inkomste in ooreenstemming met kliënt geografie					
Plaaslike Handelsmerke					
Suid-Afrika – farmaseuties	**4 391,2**	**43**	3 136,3	37	40
Suid-Afrika – verbruiker	**1 160,8**	**12**	1 100,8	13	5
Sub-Sahara Afrika#	**910,0**	**9**	931,2	11	(2)
Asië Pasifies	**1 015,6**	**10**	915,4	11	11
Latyns Amerika	**813,3**	**8**	841,3	10	(3)
Res van die wêreld	**316,9**	**3**	6,4	—	
Totale bruto inkomste van plaaslike handelsmerke	**8 607,8**	**85**	6 931,4	82	24
Aanpassing*	**(468,8)**		—		
Totale inkomste van plaaslike handelsmerke	**8 139,0**	**80**	6 931,4	82	17
Globale Handelsmerke					
Asië Pasifies	**452,6**	**5**	318,9	4	42
Latyns Amerika	**336,7**	**3**	302,8	4	11
EMONAK^	**1 036,4**	**10**	771,7	9	24
Res van die wêreld	**181,9**	**2**	116,6	1	56
Totale inkomste van globale handelsmerke	**2 007,6**	**20**	1 510,0	18	33
Totale inkomste	**10 146,6**	**100**	8 441,4	100	20

#In afwagting op die toekomstige wesenlikheid van die sub-Sahara Afrika gebied, het Aspen 'n aparte bestuurs- en rapporteer struktuur gevestig vir die sub-Sahara Afrika gebied en die segmentontleding is aangepas en herstateer om die addisionele segment in te sluit

**Die winsdelings vanaf die GSK Aspen Healthcare for Africa samewerkingsooreenkoms is getoon as inkomste in die staat van omvattende inkomste. Vir segmentonledingsdoeleindes is die totale inkomste vanuit die samewerkingsooreenkoms ingesluit om die sigbaarheid van inkomste in die gebied te verbeter.*

^Europa, Midde Ooste, Noord Afrika en Kanadese gebiede.

Groepstaat van verandering in ekwiteit

	Aandeelkapitaal en premie (insluitend tesourieaandele) Rm	Reserwes Rm	Ekwiteitskomponent van voorkeur aandele Rm	Totale toeskryfbaar aan ekwiteits-houers van die houermaatskappy Rm	Nie-beherende belang Rm	Totaal Rm
SALDO OP 30 JUNIE 2008	(77,8)	3 173,5	162,0	3 257,7	61,1	**3 318,8**
Totale omvattende inkomste	—	824,1	—	824,1	14,4	**838,5**
Wins vir die jaar	—	1 340,4	—	1 340,4	13,2	**1 353,6**
Ander omvattende inkomste	—	(516,3)	—	(516,3)	1,2	**(515,1)**
Dividend betaal	—	—	—	—	(0,8)	**(0,8)**
Uitreiking van gewone aandelekapitaal	21,4	—	—	21,4	—	**21,4**
Tesourie aandele gekanselleer	566,2	(566,2)	—	—	—	**—**
Aandeelopsies en appresiasieregte toegeken	—	28,5	—	28,5	—	**28,5**
Ekwiteitsgedeelte van belastingeise ten opsigte van aandeleskemas	—	55,4	—	55,4	—	**55,4**
Nie-beherendebelang aanpassing	—	—	—	—	1,2	**1,2**
SALDO OP 30 JUNIE 2009	509,8	3 515,3	162,0	4 187,1	75,9	**4 263,0**
Totale omvattende inkomste	—	1 969,3	—	1 969,3	(19,9)	**1 949,4**
Wins vir die jaar	—	1 989,6	—	1 989,6	(11,1)	**1 978,5**
Ander omvattende inkomste	—	(20,3)	—	(20,3)	(8,8)	**(29,1)**
Dividend betaal	—	—	—	—	(0,8)	**(0,8)**
Uitreiking van gewone aandelekapitaal	4 592,8	—	—	4 592,8	—	**4 592,8**
Aandele uitgereik – aandeelskemas	17,0	—	—	17,0	—	**17,0**
Aandele uitgereik – GSK transaksie	4 575,8	—	—	4 575,8	—	**4 575,8**
Tesourie-aandele aangekoop	(13,5)	—	—	(13,5)	—	**(13,5)**
Tesourie-aandele gekanselleer	(0,1)	0,1	—	—	—	**—**
Aandeelopsies en appresiasieregte toegeken (insluitend uitgestelde bonus)	—	25,4	—	25,4	—	**25,4**
Oordrag vanuit aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	—	56,2	—	56,2	—	**56,2**
Hiperinflasionêre aanpassing – Venezuela	—	13,7	—	13,7	—	**13,7**
SALDO OP 30 JUNIE 2010	**5 089,0**	**5 580,0**	**162,0**	**10 831,0**	**55,2**	**10 886,2**

Groepstaat van kontantvloeie

	% ver-andering	Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm	Geouditeer herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE			
Kontantbedryfswins		**3 269,5**	2 668,3
Bedryfskapitaalveranderinge		**(344,4)**	(507,7)
Kontant uit bedrywighede voortgebring		**2 925,1**	2 160,6
Netto finansieringskoste betaal		**(427,1)**	(535,1)
Belasting betaal		**(465,0)**	(333,4)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite voortgebring#		**2 033,0**	1 292,1
KONTANTVLOEI UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE			
Kapitaalbesteding – eiendom, aanleg en toerusting		**(632,0)**	(626,7)
Opbrengs met verkoop eiendom, aanleg en toerusting		**9,8**	9,1
Kapitaalbesteding – ontasbare bates		**(660,5)**	(3 279,9)
Opbrengs met verkoop van ontasbare bates		**0,3**	15,5
Verkryging en verkoop van filiale, besighede en gesamentlike ondernemings		**307,5**	429,2
Verhoging in langtermyn finansiële bates		**(27,1)**	(0,4)
Betaling van uitstaande Onkologie besigheid aankoopprys		**(18,7)**	(103,5)
Netto kontant in beleggingsaktiwiteite aangewend		**(1 020,7)**	(3 556,7)
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIWITEITE			
Netto (terugbetaling van)/opbrengs uit lenings		**(478,0)**	3 121,6
Terugbetaling van uitgestelde betaalbares		**(0,7)**	(12,2)
Dividend betaal		**(0,8)**	(0,8)
Opbrengs uit uitreiking van gewone aandelekapitaal		**16,1**	20,4
Verkryging van tesourie-aandele		**(13,5)**	—
Verhoging in kontant beperk vir gebruik as sekuriteit vir lenings		**(21,8)**	—
Netto kontant (aangewend)/voortgebring uit finansieringsaktiwiteite		**(498,7)**	3 129,0
BEWEGING IN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE VOOR WISSELKOERSVERANDERINGS		**513,6**	864,4
Gevolge van wisselkoersveranderings		**(23,8)**	(486,4)
KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE			
Beweging in kontant en kontantekwivalente		**489,8**	378,0
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		**1 322,9**	944,9
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar		**1 812,7**	1 322,9
#Bedryfskontantvloei per aandeel (sent)			
Van voortgesette bedrywighede	35	**490,3**	363,6
Van beëindigde bedrywighede		**15,4**	(2,5)
	40	**505,7**	361,1
DIE BOGENOEMDE SLUIT BEËINDIGDE BEDRYWIGHEDE IN, AS VOLG:			
Netto kontant voortgebring uit/(aangewend in) bedryfsaktiwiteite		**61,8**	(8,8)
Netto kontant in beleggingsaktiwiteite aangewend		**(62,3)**	(43,0)
Netto kontant voortgebring uit finansieringsaktiwiteite		**0,0**	54,8
Gevolge van wisselkoersveranderings		**0,2**	7,4
Beweging in kontant en kontantekwivalente		**(0,3)**	10,4
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		**0,3**	(10,4)
Kontant en kontantekwivalente volgens die staat van kontantvloeie		**—**	—
REKONSILIASIE VAN KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE			
Kontant en kontantekwivalente volgens die staat van finansiële posisie		**2 939,8**	2 065,3
Min: bankoortrekkings		**(1 127,1)**	(742,4)
Kontant en kontantekwivalente volgens die staat van kontantvloeie		**1 812,7**	1 322,9

Vir doeleindes van die staat van kontantvloeie bestaan kontant en kontantekwivalente uit kontant voorhande, opeisbare deposito's met banke netto van bankoortrekkings.

Verkrygings en verkope

VERKRYGINGS

Die Groep het 'n reeks interafhanklike transaksies met GSK aangegaan in die gerapporteerde periode wat die strategieë vir Suid-Afrika, sub-Sahara Afrika en internationaal sal bevorder. Hierdie transaksies sal verantwoord word as besigheidskombinasies in terme van IFRS 3 hersien.
Die effektiewe datum vir die transaksie was 1 Desember 2009.
Die verkrygings synde:

- die verkryging van die regte deur Pharmacare Ltd vir die verspreiding van GSK se farmaseutiese produkte in Suid-Afrika;
- die skep van 'n samewerkingsooreenkoms tussen Pharmacare Ltd en GSK wat verband hou met die bemarking en verkoop van voorskrif farmaseutiese produkte in sub-Sahara Afrika;
- die verkryging van agt spesialiteits handelsmerkprodukte (Alkeran, Leukeran, Purinethol, Kemadrin, Lanvis, Myleran, Septrin en Trandate) deur Aspen Global vir wêreldwye verspreiding; en
- die verkryging van GSK se vervaardigingsfasiliteit in Bad Oldesloe, Duitsland.

Die verkrygings was gefinansier deur die uitreik van 68,5 miljoen aandele deur Aspen aan GSK teen 'n waarde van R66,80 per aandeel.

		Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm
Koste van die verkryging:		
Aandele uitgereik		**4 575,8**
Billike waarde van bates verkry		**(4 514,2)**
Klandisiewaarde		**61,6**
Die billike waardes wat erken was in die verkrygings was as volg:		
Eiendom, aanleg en toerusting		**402,9**
Ontasbare bates	F#	**4 054,9**
Uitgestelde belastingbate		**7,4**
Bedryfsbates		**268,2**
Nie-bedryfslaste		**(174,7)**
Bedryfslaste		**(44,5)**
Billike waarde van bates verkry		**4 514,2**
Klandisiewaarde verkry		**61,6**
Aankoop teenprestasie		**4 575,8**
Aandele uitgereik aan GSK		**(4 575,8)**
Kontant en kontantekwivalente in die verkrygde maatskappy		**33,4**
Totale kontant invloei met verkryging		**33,4**

Die drabedrae van tasbare bates (uitsluitend die vooruitontvangde inkomste wat ontstaan op verkryging) verskil nie beduidend van die billike waardes soos hierbo uiteengesit nie. Die waardes van ontasbare bates (insluitend die vooruitontvangde inkomste) het ontstaan as 'n resultaat van die transaksie en het geen drabedrae op verkryging nie. Die aanvanklike verantwoording vir die besigheidskombinasie is gerapporteer op 'n voorlopige grondslag in verband met ontasbare bates en klandisiewaarde en sal eers gefinaliseer word in die jaar eindigend 30 Junie 2011 omrede die effektiewe datum van die transaksie 1 Desember 2009 was.

Klandisiewaarde

Die klandiewaarde erken as gevolg van die transaksie is geallokeer aan Pharmacare Ltd as gevolg van die feit dat die Groep verwag dat die sinergistiese voordele van die transaksie in die segment sal realiseer. Hierdie sinergies sluit in koste besparings, die bou van Pharmacare Ltd se etiese handelsmerk kredietwaardigheid met spesialiste en proses effektiwiteit. Die totale klandisiewaarde bedrag is nie belasting aftrekbaar nie.

VERKOPE

Gedurende die jaar het die Groep voorwaardelike ooreenkomste aangegaan vir die verkoop van sy 50% aandeelhouding in die Onkologie besigheid (Onco Therapies Ltd en Onco Laboratories Ltd). Vanaf 1 Januarie 2010, was die resultate van die gesamentlike ondernemings nie gekonsolideer nie en die netto batewaarde van die maatskappye was oorgedra na bates gehou vir verkoop. Die voorwaardelike terme vir die verkoop van Onco Therapies Ltd was vervul op 10 Mei 2010 en die wins met verkoop van die gesamentlike onderneming is erken soos uiteengesit hieronder. Verskeie opskortente voorwaardes moet nog vervul word met betrekking tot die verkoop van Onco Laboratories Ltd op jaar einde. Hierdie voorwaardes word verwag om vervul te word in die 2011 finansiële jaar.

	Nagegaan jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm
Eiendom, aanleg en toerusting	**130,7**
Uitgestelde belastinglas	**(2,6)**
Bedryfsbates	**11,8**
Bedryfslaste	**(16,5)**
Billike waarde van bates verkoop	**123,4**
Wins met verkoop	**154,7**
Klandisiewaarde verkoop	**4,8**
Aankoop teenprestasie ontvang	**282,9**
Kontant en kontantekwivalente in die verkoopte maatskappy	**(8,8)**
Totale kontant uitvloei met verkoop	**274,1**

Kommentaar

Groepprestasie

Aspen het 'n styging in wesensverdienste van 39% behaal tot R1,941 miljard vir die jaar geëindig 30 Junie 2010. Wesensverdienste per aandeel het gestyg met 24% tot 482,9 sent na inagneming van die hoër geweegde getal aandele wat in die jaar uitgereik is. Kapitaalwins met die verkoop van Onco Therapies het bygedra tot die styging in verdienste per aandeel tot 494,9 sent, 'n toename van 32%. Beide inkomste en bedryfswins uit voortgesette bedrywighede het met 20% gegroei tot onderskeidelik R10,147 miljard en R2,615 miljard. Die Suid-Afrikaanse besigheid was die grootste drywer van die groei.

Afhandeling van die Glaxosmithkline ("GSK") transaksies

Aspen het met ingang van 1 Desember 2009 'n reeks strategiese, interafhanklike transaksies met GSK ("die GSK-transaksies") wat op 12 Mei 2009 aangekondig is, afgehandel.

Die GSK-transaksies bestaan uit:

- Die verkryging van die regte om GSK se farmaseutiese produkte in Suid-Afrika te versprei;
- Die skep van 'n samewerkingsooreenkoms tussen Aspen en GSK wat betrekking het op die bemarking en verkoop van voorskrif farmaseutiese produkte in sub-Sahara Afrika;
- Die verkryging deur Aspen Global van agt spesialiteits handelsmerkprodukte (Alkeran, Leukeran, Purinethol, Kemadrin, Lanvis, Myleran, Septrin en Trandate) vir verspreiding wêreldwyd;
- Die verkryging van GSK se vervaardigingsfasiliteit in Bad Oldesloe, Duitsland; en
- Die uitgifte deur Aspen van 68,5 miljoen gewone aandele aan GSK teen R66,80 per aandeel, wat in totaal R4,576 miljard bedra.

Suid-Afrikaanse besigheid

Die Suid-Afrikaanse besigheid se inkomste het gegroei met 31% tot R5,652 miljard. Die farmaseutiese divisie se inkomste uit plaaslike handelsmerke het met 40% gegroei tot R4,391 miljard en die verbruikersdivisie se inkomste het met 5% gestyg tot R1,161 miljard. Bedryfswins het gestyg vanaf R1,045 miljard tot R1,588 miljard. Winsmarges het verbeter sedert die inkrimpings in die vorige twee jaar aangesien verbeterde vervaardigingsdoeltreffendheid en aankoopsbesparings ondersteun is deur 'n sterker Rand, wat die koste van ingevoerde materiale verlaag het.

Voortgesette organiese groei het wesenlik bygedra om te verseker dat Aspen sy leierskapsposisie in die privaat- en openbare sektore van die farmaseutiese mark behou. Die integrasie van GSK se Suid-Afrikaanse farmaseutiese besigheid was suksesvol en het onmiddellik positiewe resultate opgelewer soos weerspieël in 'n styging in aandeel van die handelsmerkprodukte sektor.

Groei in verbruikersinkomste het geskied te midde van 'n kleinhandelsomgewing wat gesukkel het om die gevolge van die resessie te oorbrug. Prestasie is ook negatief beïnvloed deur 'n onderbreking in die verskaffing van babamelkformule as gevolg van die ontploffing by die Nutritionals vervaardigingsfasiliteit verlede jaar. Versekeringsvergoeding van R162 miljoen is gedurende die jaar ontvang, wat die gevolglike verlies van winste en die herstelling van die fasiliteit dek en wat onder "ander bedryfsinkomste" gerapporteer word.

Die Groep se kapitaalbestedingsprogram wat gelei het tot die omvattende opgradering en uitbreiding van die Suid-Afrikaanse vervaardigingsfasiliteit oor verskeie jare het positiewe resultate begin oplewer met verdere betekenisvolle vervaardigingsdoeltreffendheid. Verdere tabletteringskapasiteit is geskep deur die inbedryfstelling van Eenheid 2 in Port Elizabeth terwyl nuwe areas vir die vervaardiging van lakseermiddels en hollandse medisyne in Oos-Londen voltooi is. Die hormonale area van die Steriele Fasiliteit sal in die jaar vorentoe met vervaardiging begin. Die Nutritionalsfasiliteit sal binnekort teen volle kapasiteit met vervaardiging begin ná die vervanging van die droogtoring wat in die ontploffing beskadig is. Kapitaalprojekte wat aan die gang is, sal beduidend bydra tot orale soliede dosis vervaardigingskapasiteit by Eenheid 1 en verpakkingsvermoëns verhoog.

Sub-Sahara Afrika besigheid

Aspen het 'n afsonderlike bestuurs- en rapporteringstruktuur vir die sub-Sahara Afrika besigheid geskep. By hierdie besigheidsegment word ingesluit uitvoere na sub-Sahara Afrika uit Suid-Afrika die Shelys Africa besigheid wat in Oos-Afrika gebaseer is en die GSK Aspen Healthcare for Africa samewerkingsooreenkoms.

Inkomste uit die sub-Sahara Afrika besigheid het gedaal met 2% tot R910 miljoen en bedryfswins het afgeneem vanaf R173 miljoen tot R66 miljoen. Die GSK Aspen Healthcare for Africa samewerkingsooreenkoms het op 1 Desember 2009 aanvang geneem en het aan alle verwagtinge voldoen.

Die skerp omswaaiing in inkomste en wins kan toegeskryf word aan die verlies aan uitvoerbesigheid as gevolg van die generisering van gepatenteerde anti-retrovirale molekules wat deur Aspen bemark word. Ondoeltreffende implementering van die besigheidstrategie by Shelys Africa, voorraadafskrywings en die erkenning van 'n voorwaardelike aanspreeklikheid ten opsigte van 'n betwiste tariefheffing het gelei tot verliese in die tweede helfte van die jaar. Dit het 'n totale verandering in die bestuur van hierdie besigheid genoodsaak, 'n ingryping wat alreeds positiewe gevolge opgelewer het.

Internasionale besigheid

Inkomste in die internasionale besigheid het gestyg met 27% tot R4,053 miljard terwyl bedryfswins voor amortisasie en waardedalings, 10% hoër was teen R114 miljard. Bedryfswins het gedaal as gevolg van die verlaagde bydrae deur die Latyns-Amerikaanse bedrywighede en die verlaging in winste met betrekking tot die inskakeling van die globale handelsmerke by die Aspen verspreidingsnetwerk.

Inkomste uit die globale handelsmerke het gestyg met 33% tot R2,008 miljard. Die grootste gedeelte van hierdie inkomste spruit uit Eltroxin, Lanoxin, Imuran en Zyloric, die vier globale handelsmerke wat met ingang 30 Junie 2008 verkry is vanaf GSK. Hierdie vier globale handelsmerke is grotendeels ingeskakel by die Aspen verspreidingsnetwerk gedurende die jaar, en het dubbelsyfergroei in VS dollar aangeteken. Die res van die groei in die globale handelsmerke was afkomstig uit die toevoeging van die produkte by hierdie portefeulje gedurende die jaar.

Inkomste uit die Asië Pasifiese plaaslike handelsmerke het gestyg met 11% tot R1,016 miljard. Die groei is behaal te midde van gereguleerde prysverlagings in Australië, die belangrikste gebied in hierdie streek.

Inkomste uit die Latyns-Amerikaanse plaaslike handelsmerke het gedaal met 3% tot R813 miljoen. Prestasie was egter baie beter in die tweede helfte van die jaar, met die behaal van inkomstegroei van 8%. Hierdie omswaaiing in prestasie was gestimuleer deur die suksesvolle implementering van 'n herstruktureringsplan in die Brasiliaanse besigheid. Dit bring die besigheidsmodel in lyn met die Groep se strategie en het die besigheid winsgewend gemaak. As deel van die hersamestelling van die Brasiliaanse besigheid, is 'n ooreenkoms bereik met betrekking tot die verkoop van die Campos vervaardigingsfasiliteit en verwante produkte aan Strides Arcolab ("Strides").

Die Groep het ook sy onkologiereëlings met Strides geherstruktureer. Aspen het ooreenkomste aangegaan met betrekking tot die verkoop van sy belang in die Onco Therapies en Onco Laboratories gesamentlike ondernemings aan Strides vir VSD dollar 117 miljoen. Aspen het verder 'n lisensie vir bestaande en toekomstige onkologieprodukte in gespesifiseerde areas veseker. Die verkoop van Onco Therapies is vóór 30 Junie 2010 afgehandel, wat lei tot 'n wins met verkoop van R155 miljoen. Opskortende voorwaardes met betrekking tot die verkoop van Onco Laboratories moet nog nagekom word, die voorwaardes sal na verwagting gedurende die volgende jaar geskied. Die Onco Laboratories bates is geklassifiseer as "gehou vir verkoop".

Befondsing

Lenings, netto van kontant, het verlaag met R1 miljard tot R3,019 miljard as gevolg van sterk bedryfskontantvloeie. Die laer skuldvlakke en die bykomende aandelekapitaaluitgifte na aanleiding van die GSK-transaksies het die Groep se hefboomfinansiering vanaf 51% op 30 Junie 2009 tot 24% verbeter. Bedryfskontantvloei per aandeel het gestyg met 40% tot 505,7 sent.

Rente betaal, na aftrekking van rente ontvang, van R365 miljoen was agt maal gedek deur verdienste voor finansieringskoste, belasting en amortisasie.

Voorgestelde verkryging van die Sigma farmaseutiese besigheid

Aspen het op 16 Augustus 2010 aangekondig dat die direksie van Sigma Pharmaceuticals Limited ("Sigma") ingestem het om 'n aanbod deur Aspen vir die verkryging van die farmaseutiese besigheid van Sigma ("Sigma farmaseutiese besigheid") vir 'n kontant teenprestasie van AUD 900 miljoen te ondersteun. Afhandeling van hierdie transaksie is onderworpe aan, onder andere, vereiste reguleringsgoedkeuring en die goedkeuring van Sigma-aandeelhouers. Daar word voortgegaan met werk om hierdie voorwaardes na te kom.

Die Sigma farmaseutiese besigheid vervaardig en bemark 'n omvattende produkportefeulje van bekende en vertroude Australiese handelsmerke wat inkomste van meer as AUD 600 miljoen aangeteken het in die jaar tot 31 Januarie 2010. Die Groep beskou die volgende as geleenthede voortspruitend uit die samevoeging van die Sigma farmaseutiese besigheid met Aspen se uiters suksesvolle filiaal in Australië:

- Sinergieë uit die konsolidasie van die twee besighede;
- Die Sigma farmaseutiese besigheid bied 'n gevestigde toegangspunt tot die Australiese generiese en ODT sektore vir die bekendstelling van Aspen se pyplyn van generiese en ODT produkte;
- Dit bied 'n stewige platform vir verdere ontwikkeling van Aspen se besigheid in die Asië Pasifiese streek; en
- Die Australiese vervaardigingsteenwoordigheid sal Aspen se globale vervaardigingsvermoë aanvul.

Vooruitsigte

Die toevoeging tot Aspen se besigheid in Suid-Afrika van die GSK handelsmerke en diegene wat hierdie handelsmerke bevorder en ondersteun, verstewig die Groep se nasionale leierskapsposisie in farmaseutiese produkte. Aspen beskik oor die mees uitgebreide produk-aanbieding, die grootste verteenwoordiging en is die grootste verskaffer van farmaseutiese produkte in die privaat- en openbare sektore. Hierdie besigheid word ondersteun deur 'n omvattende produkpyplyn- en vervaardigingsfasiliteite wat die gevorderdste sowel as die grootste kapasiteit in die suidelike halfrond bied. Die fundamentele dinamika van Suid-Afrika dui op 'n voortgesette styging in die vraag na medisyne. Aspen se Suid-Afrikaanse farmaseutiese besigheid is goed geposisioneer om te gedy, gerugsteun deur die onlangse tydperk van reguleringstabiliteit en die regering se verklaarde voorneme om die plaaslike farmaseutiese bedryf te ondersteun.

Die moeilike handelsomgewing in Suid-Afrika vir verbruikersprodukte het 'n fokus op doeltreffende strukture genoodsaak, wat tot Aspen se voordeel sal strek sodra die kleinhandelsiklus verbeter.

Inisiatiewe wat in die sub-Sahara Afrika streek geloods is, behoort te lei tot 'n verhoogde bydrae tot groepwins in die jaar vorentoe. 'n Opswaaiing in die resultate van Latyn-Amerika, voortgesette organiese groei in Asië Pasifies en die voordeel van 'n volle jaar se bydrae deur die globale handelsmerke wat oor die afgelope jaar verkry is, sal groeidrywers wees vir die internasionale besigheid in die jaar vorentoe. Afhandeling van die verkryging van die Sigma farmaseutiese besigheid sal verdere groeimomentum verleen.

Die Groep beskik oor die fundamentele beginsels om 'n 13de opeenvolgende jaar van ononderbroke regte groei in 2011 te geniet.

Kapitaaluitkering

Inaggenome die verdienste- en kontantvloeiprestasie vir die jaar geëindig 30 Junie 2010, bestaande skuldverbintenisse en toekomstige voorgestelde beleggings, word hiermee kennis gegee dat, ingevolge 'n algemene magtiging om die maatskappy se kapitaal uit te keer toegeken deur aandeelhouers op die algemene jaarvergadering gehou op 4 Desember 2009, word 'n kapitaaluitkering van 70 sent per gewone aandeel (2009: nul) by wyse van 'n kapitaalverlaging verklaar, wat betaalbaar is uit aandelepremie aan aandeelhouers wat teen kantoorsluiting op Vrydag, 8 Oktober 2010 in die maatskappy se aandeleregister opgeteken is. Toekomstige uitkerings sal bepaal word op 'n jaar-tot-jaar basis.

Ooreenkomstig IAS 10: *Gebeure ná die Balansstaatdatum*, sal die kapitaaluitkering eers in die finansiële state in die jaar eindigende 30 Junie 2011 in berekening gebring word.

Ooreenkomstig die vereistes van Strate, het die Maatskappy die volgende belangrike datums vir die betaling van die kapitaaluitkering bepaal:

Laaste dag om *met* kapitaaluitkering te verhandel	Vrydag, 1 Oktober 2010
Verhandeling van aandele *sonder* kapitaaluitkering begin op	Maandag, 4 Oktober 2010
Rekorddatum	Vrydag, 8 Oktober 2010
Betaaldatum	Maandag, 11 Oktober 2010

Aandelesertifikate mag nie gedematerialiseer of hermaterialiseer word tussen Maandag, 4 Oktober 2010 en Vrydag, 8 Oktober 2010 nie.

Op las van die Direksie

NJ Dlamini
(Voorsitter)

SB Saad
(Groep Uitvoerende Hoof)

Woodmead
15 September 2010

Rekeningkundige grondslag

Die gekonsolideerde voorlopige resultate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS"), IFRIC interpretasies, die Noteringsvereistes van die JSE Beperk en Skedule 4 van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (Wet 61 van 1973, soos gewysig) en die aanbieding en openbaarmakingsvereistes van IAS 34 – Tussentydse Verslagdoening, opgestel.

Hierdie resultate is nagesien deur Aspen se ouditeur, PricewaterhouseCoopers Ing. Hul ongekwalifseerde nagaanmening is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Die rekeningkundigebeleid wat met die opstel van hierdie voorlopige resultate toegepas is, stem ooreen met dié wat in die finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 gebruik is.

Die 2009 staat van omvattende inkomste was geherstateer om die Onkologie besigheid te klassifiseer as 'n beëindigende bedrywigheid.

Aanvullende inligting

	Nagegaan Jaar geëindig 30 Junie 2010 Rm	Geouditeer Herstateer jaar geëindig 30 Junie 2009 Rm
A. KAPITAALBESTEDING		
Aangegaan	**5 750,3**	3 906,6
– tasbare bates	**632,0**	626,7
– GSK transaksies (tasbaar en ontasbaar)	**4 457,8**	2 653,0
– ontasbare bates	**660,5**	626,9
Gekontrakteer		
– tasbare bates	**61,4**	87,3
– ontasbare bates	**20,9**	5,8
Gemagtig maar ongekontrakteer		
– tasbare bates	**502,8**	226,9
– ontasbare bates	**33,6**	12,1
B. BEDRYFSWINS IS BEREKEN NA DIE VOLGENDE IN AANMERKING GENEEM IS		
Waardevermindering van eiendom, aanleg en toerusting	**167,8**	115,7
Amortisasie van ontasbare bates	**101,9**	95,0
Aandeelgebaseerde betalingsuitgawes – (insluitend uitgestelde bonus)	**29,8**	29,5
Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting	**37,6**	—
Waardedaling van ontasbare bates	**85,5**	24,8
Versekeringsvergoeding	**(162,4)**	—
C. BELEGGINGSINKOMSTE		
Rente ontvang	**187,9**	224,2
D. FINANSIERINGSKOSTE		
Rente betaal	**(553,0)**	(614,9)
Netto buitelandse valuta verliese	**(19,1)**	(0,9)
Billikewaarde (verliese)/winste op finansiële instrumente	**37,9**	(52,4)
Geagte rente op finansiële instrumente	**3,8**	7,3
Voorkeurdividend betaal	**(27,9)**	(38,3)
Finansieringskoste	**(558,3)**	(699,2)
E. WINS VIR DIE JAAR VAN BEËINDIGENDE BEDRYWIGHEDE		
Wins vir die jaar vanaf beëindigende bedrywighede	**48,5**	40,2
Wins met die verkoop van Onco Therapies Ltd	**154,7**	—
Verlies met die verkoop van Astrix Laboratories Ltd	**—**	(19,9)
Kapitaalwinsbelasting met die verkoop van Astrix Laboratories Ltd	**—**	(4,2)
Wins vir die jaar vanaf beëindigende bedrywighede	**203,2**	16,1
F. ONTASBARE BATES BEWEGING		
Openingsaldo	**4 103,6**	3 705,7
Netto verkrygings van besighede, filiale en gesamentlike ondernemings	**—**	19,5
Kapitaalbestedings – GSK transaksies	**4 054,9**	—
Kapitaalbestedings – ander	**660,5**	626,7
Verkope	**(0,1)**	(16,4)
Amortisasie	**(101,9)**	(104,4)
Effek van wisselkoersveranderinge	**14,6**	(106,2)
Waardedaling van ontasbare bates	**(85,5)**	(24,8)
Oordrag na bates as gehou vir verkoop	**(51,8)**	—
Ander bewegings	**15,6**	3,5
Sluitingsaldo	**8 609,9**	4 103,6
G. VOORWAARDELIKE AANSPREEKLIKHEDE		
Bykomende betalings ten opsigte van Quit se wêreldwye intellektuele eiendomsreg	**7,6**	7,7
Waarborge ter dekking van lenings en ander verpligtinge teenoor derde partye	**3,4**	23,8
Belastingheffing voorwaardelike aanspreeklikhede	**8,3**	17,0
H. WAARBORGE AAN FINANSIËLE INSTELLINGS		
Wesenlike waarborge gegee deur Groep maatskappye vir skuld van filiale teenoor finansiële instellings	**2 874,9**	3 098,0

aspen HOLDINGS

www.aspenpharma.com

Direkteure

NJ Dlamini* (Voorsitter), AJ Aaron*, RC Andersen*, MG Attridge, MR Bagus*, JF Buchanan*, SA Hussain*, CN Mortimer*, DM Nurek*, SB Saad, SV Zilwa*

*Nie-uitvoerende direkteure

Maatskappysekretaris

HA Shapiro

Oordragsekretaris

Computershare Investor Services (Edms) Beperk (Registrasienommer 1987/003382/06)
Marshallstraat 70, Johannesburg 2001. Posbus 61051, Marshalltown 2107

Geregistreerde kantoor

Gebou 8, Healthcarepark, Woodlandsrylaan, Woodmead

Afstanddoening

Ons mag verklarings maak wat nie historiese feite is nie en wat betrekking het op ontledings en ander inligting gebaseer op voorspellings van toekomstige resultate en ramings van bedrae wat nog nie bepaalbaar is nie. Hierdie is vooruitverklarings soos omskryf deur die U.S. Private Securities Litigation Reform Act van 1995. Woorde soos "glo", "verwag", "beoog", "poog", "sal", "beplan", "kan", "mag", "streef" en "projek" en soortgelyke uitdrukkings is bedoel om te bepaal dat sodanige vooruitverklarings nie bereik sal word nie. Indien een of meer van hierdie risiko's materialiseer, of indien onderliggende aannames nie korrek blyk te wees nie, mag werklike resultate wesenlik verskil van dit wat verwag is. Hierdie faktore wat kan veroorsaak dat werklike resultate wesenlik verskil van die planne, doelwitte, verwagtinge, ramings en oogmerke van sodanige vooruitverklarings word in elke jaar se jaarverslag bespreek. Vooruitverklarings geld slegs op die datum waarop dit gemaak word, en ons aanvaar geen ander, buiten ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE Beperk, verpligting om enige hiervan by te werk of te hersien, hetsy as gevolg van nuwe inligting, toekomstige gebeure of andersins, nie. Alle winsvoorspellings wat in hierdie verslag gepubliseer word, is ongeouditeer.

BASTION GRAPHICS